

13 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-3; 9-18

Fokusgedeelte: Openbaring 1:12-16

## Moenie bang wees nie, dit is Ek

Die boek Openbaring is vir baie onverstaanbaar en daarom ontoepasbaar. Mense vra: Wat sê dié boek vir my vandag? Hoekom is dit in die Bybel opgeneem?

Ons kyk met nuwe oë na hierdie wonderlike boek as ons verstaan dat Jesus, ons Here, self hierdie openbaring aan Johannes gee as *bemoediging* vir sy kerk. Christus doen dit deur 'n engel as gesant en met die kragtige medewerking van die Heilige Gees (vs 1, 10). Die boodskap word aan Johannes, die verbanne apostel op Patmos, gegee. Die opdrag: Skryf alles in 'n boek op. So het dit ook tot ons gekom. Wonderlik!

Hoe bemoedig Jesus ons vanuit die hemel? Wat is sy boodskap? Hoe help dit ons?

Wel, voor alles wil Christus hê ons moet Hom sien en erken vir wat Hy is. Hy is nie meer die Lam aan die kruis of die dooie liggaam in die graf nie. Nee, Hy regeer nou vanaf sy troon, saam met die Vader, oor alles. Sy beeld soos geteken in verse 13 tot 16 weerspieël sy mag en heerskappy. *Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn!*

Wie Christus met geloofsoë saam met Johannes aanskou, is nie bang nie. Vir niks nie! Ook ons voel, deur die geloof, Jesus se regterhand op ons en ons hoor: *Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid* (vs 17, 18).

Daar is veral nog twee dinge wat ons aangryp. Die eerste is dat Christus sy kerk koester en beskerm. Hy is tussen die goue kandelare, gemeentes. Sy gemeentes is soos kandelare ligdraers om die evangelie in 'n donker wêreld in te dra. So word mense gered en God verheerlik.

Tweedens word ons verseker dat die wederkoms van Christus *naby* is. Ons Here is besig om alles nuut te maak. Ook vir jou en my. Is ons gereed as Hy vandag sou kom?

Sing: Skrifberyming 18-1:4

Dr NP Heystek (Emeritus)